VAK EN GRAAD	SOSIALE WETENSKAPPE – GRAAD 9 GEOGRAFIE	
KWARTAAL 3	*Week 6 –* ***Les 6***	
SKAKEL MET ONDERRIG – EN ASSESSERINGSPLAN	**ONDERWERP: Ontwikkelingskwessies: (Fokus – Suid-Afrika en die wêreld)** **Subonderwerp: Geleenthede vir Ontwikkeling**	
DOEL VAN LES	***Jy moet weet:*** • wat die verskillende ontwikkelingbenaderings is. • hoe hierdie ontwikkelingbenaderings kan bydrae tot geleenthede vir ontwikkeling • hoe om die konsepte alternatiewe ontwikkeling, volhoubare ontwikkeling en billike handel te kan beskryf en van mekaar te kan onderskei.	
INLEIDING	***Jy moet van vorige grade/huidige graad /vorige les onthou:*** • *wat die betekenis van ontwikkeling en die aanwysers daarvan is.*	
VAARDIGHEDE	***Jy moet in staat wees om:*** • die verskillende benaderings tot ontwikkeling te kan noem, beskryf en ook voorbeelde van elkeen te kan gee • inligting op verskeie bronne en soorte grafieke te lees en te interpreteer. • bronne te lees en interpreteer om data respons vrae te kan beantwoord. • paragraaf-tipe vrae te kan beantwoord.	
AKTIWITEITE/ASSESSERING	***Voltooi die:*** • aktiwiteit vir hierdie les op bladsy 4. • bykomende aktiwiteite in jou handboek.	
KONSOLIDASIE	• *Terugvoer oor leerdertaak en volg van die media.*	
BRONNE ***(waar nodig)***	***Papier gebaseerde bronne***	***Digitale bronne***
	• *Les op bladsy 3* • *Aktiwiteit op bladsy 4* • *Handboek: Ontwikkelingskwessies: Geleenthede vir Ontwikkeling*	***Die sleutel tot Volhoubare Ontwikkeling (video)*** https://www.youtube.com/watch?v=NrNQzCjI8A4 ***Wat is billike handel (video)*** https://www.youtube.com/watch?v=aetw560Xjhg ***Alternatiewe ontwikkeling (video)*** https://www.youtube.com/watch?v=RSD8cYORCco https://www.thelearningtrust.org/asp-treasure-box *Nuus op radio, tv en in koerante oor eknomiese en maatskaplike kwessies*

BESONDERHEDE VAN LES 6			
VAK	**SOSIALE WETENSKAPPE: GEOGRAFIE**	**KWARTAAL 3**	**14 – 18 SEPTEMBER 2020**
	GRAAD 9		
	Vaardighede (WAT gaan ek onderrig/lei/ondersteun…)	**Onderrigmetodologie/ Benadering (HOE ek gaan onderrig/lei/ondersteun …)**	**Bronne/ LOOM (WAT ek gaan gebruik om te onderrig/lei/ondersteun …)**
ONDERWYSER AKTIWITEITE	Maniere hoe om die verskillende geleenthede vir ontwikkeling te kan identifiseer en beskryf.	Verwys na en gee 'n kort verduideliking van die verskillende benaderings van ontwikkeling	Handboek: Geleenthede vir ontwikkeling Enige toepaslike bronne nie in leerderhandboek nie.
	Die betekenis van die begrippe: alternatiewe ontwikkeling, menslike ontwikkelingsmodel, alternatiewe industrialisasie, volhoubare ontwikkeling, billike handel.	Verduidelik die verskillende benaderings tot ontwikkeling. Gebruik toepaslike bronne ter versterking van die les.	Les op **bladsy 3** gebaseer op die geografiese ondersoekroete. You Tube videogrepe
	Lees en interpretasie van bronne insluitend die videogrepe	Verduidelik onderskeie begrippe wat op onderwerp betrekking het aan die hand van bronne. Verwys na les op **bladsy 3** en digitale bronne op **bladsy 1**.	Handboek: Geleenthede vir Ontwikkeling Enige toepaslike bronne nie in leerderhandboek nie.
	Lees en interpretasie van grafieke, statistiek. Paragraaf skryftegnieke	Verduidelik die lees en interpretasie van grafieke en statistiek aan die hand van voorbeeld. Skryf van paragrawe.	Leeraktiwiteit op **bladsy 4.** Leerders voltooi die aktiwiteit, assesseer dit en terugvoer word gegee.
OUER AKTIWITEITE	Verwys na bogenoemde punte rakende die inhoud van die les	***Ouers moet die volgende aanmoedig:*** • *Luister, lees en kyk van nuus op radio, tv en in koerante oor ontwikkelingsgeleenthede in Suid-Afrika en die wêreld.* • Kyk van You Tube videogrepe ingesluit in die les **(bladsy 1).**	• **Les op bladsy 3** • **Leerderhandboek** • Junior skool Atlas • Koerantberigte • Televisie • You Tube videogrepe • Internet
LEERDER AKTIWITEITE	1. Lees eers deur die leeraktiwiteit op bladsy 4 om te bepaal watter inhoud en vaardighede benodig word om die data respons vrae te beantwoord. 2. Werk deur die les op bladsy 3 deur die vrae wat geografie vra te vra bv. Wat is dit? 3. Begin nou om die taak te beantwoord sonder om na die les terug te gaan. 4. Kontroleer jou antwoorde deur te verwys na die inhoud van die les en korrigeer verkeerde antwoorde. 5. Vergelyk jou antwoorde met die van jou onderwyser om te bepaal of jy die taak suksesvol voltooi het.		

Bestudeer hierdie onderwerp met die volgende vrae in gedagte!

ONDERWERP: Geleenthede vir ontwikkeling

Benaderings tot ontwikkeling: Wat is dit?

1. ALTERNATIEWE ONTWIKKELING	2. VOLHOUBARE ONTWIKKELING	3. BILLIKE HANDEL
Fokus op volhoubare boerdery & welstand van mense met minder klem op nywerheid.	Voorsien in die behoeftes van die hede sonder om die behoeftes van toekomstige generasies prys te gee. Die doel is om ekonomiese, maatskaplike en omgewings -ontwikkeling te balanseer.	Wedersydse voordelige handel tussen koper en verkoper.

Voorbeelde van alternatiewe ontwikkeling	Voorbeelde van volhoubare ontwikkeling	Voorbeelde van billike handel
1.1 Menslike ontwikkelingsmodel: • Klem op behoeftes van mense • Plaas mense se welstand eerste (basiese-behoeftes filosofie) • Voorsien basiese infrastruktuur bv. skoon water, ordentlike behuising, primêre gesondheidsorg, opvoeding, opleiding • Streef na selfonderhoudendheid van mense	**2.1 Opvoeding en opleiding:** • Opvoedkundige programme oor klimaatsverandering, ramprisiko, biodiversiteit, armoede, verbruik, ens. om houdings van mense te verander.	**3.1 Billike handel:** • Handelstoestande waar vervaardigers van produkte in ontwikkelende lande 'n billike ooreenkoms ontvang. • Dit waarborg 'n minimum prys vir produkte. • Dit verseker die regte van kleinboere. • Dit is 'n handelsvennootskap gebaseer op deursigtigheid.
1.2 Alternatiewe industrialisasie: • **Geïntegreerde ontwikkelingsplanne** (GOP'e) wat op ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling fokus; betrek gemeenskappe, plaaslike- en nasionale regering en besigheid; dit neem bestaande omstandighede, probleme en hulpbronne in ag. • **Groen -benaderings** wat op die gebruik van volhoubare energiebronne fokus wat nie die mens en die omgewing skade aandoen nie en hernubaar is bv. water, wind en son – geen kweekhuisgasse nie (KHG) • **Alternatiewe tegnologie**ë wat omgewingsvriendelik, arbeidsintensief en energie- doeltreffend is bv. windturbines of bio-energie. Toepaslike tegnologie (tegnologie wat die behoeftes en die geografiese en lewensomstandighede van diegene wat dit gebruik pas) bv. tradisionele osploeëry in plaas van westerse masjiene,ens.	**2.2 Landelike ontwikkeling:** • Beveg armoede, hongersnood en werkloosheid deur die bou en verbetering van paaie, gemeenskapstuine, elektrisiteit en kommunikasienetwerke.	**Billike Handel spoor ontwikkeling aan (5 Feite):** • Dit verseker 'n minimum prys vir produkte. • Die gevolg is hoër en meer stabiele inkomste vir produsente. • Danksy billike handel is dit moontlik om gesondheid, onderwys en omgewingsprojekte te finansier. • Billike handel lewer dus 'n groot bydrae tot volhoubaarheid. • Dit verminder armoede.

Saamgestel deur: *Lorna McPherson, Hyran Gillion, André Jacobs*

Erkenning aan*: Mnr Gerhard Kroukamp*

LES 6: LEERDERAKTIWITEIT: Geleenthede vir Ontwikkeling

Gebruik die inligting op bladsy 3 en jou handboek om die volgende aktiwiteit in jou werkboek te voltooi.

6.1 Gee die korrekte woord/term vir die volgende beskrywings:

(i) Handelstoestande waar die koper en die verkoper wedersyds bevoordeel word.
(ii) Ontwikkeling waar die behoeftes van die huidige generasies voorsien word sonder om toekomstige geslagte te benadeel.
(iii) Ontwikkeling wat fokus op volhoubare boerdery en die welsyn van mense.
(iv) 'n Spesifieke ontwikkelingsbenadering wat die basiese behoeftes van die mens aanspreek.
(v) 'n Spesifieke ontwikkelingsbenadering wat die gebruik van volhoubare energiebronne behels.
(vi) Toerusting wat aangepas is by die geografiese streek en die toetstande waarin mense leef.

6.2 Bestudeer die onderstaande figure A-D en beantwoord die vrae wat volg:

6.2.1 ***Verwys na figuur A.***

(a) Identifiseer die tipe ekonomiese ontwikkeling in figuur A.
(b) Meld TWEE negatiewe uitwerkings van die tipe ontwikkeling wat jy genoem het in VRAAG 10.2.1 (a) op die omgewing.
(c) Stel TWEE maniere voor hoe die tipe ontwikkelingsbenadering wat jy genoem het in VRAAG 10.2.1 (a) die negatiewe uitwerking op die omgewing kan verlaag.
(d) In 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde, bespreek die sosiale en ekonomiese voordele van die ontwikkelingsbenadering wat jy genoem het in VRAAG 10.2.1 (a).

6.2.2 ***Verwys na figuur B.***

(a) Identifiseer die tipe handelsverhouding in figuur B.
(b) Definieer die tipe handelsverhouding wat jy genoem het in VRAAG 10.2.2 (a).
(c) Meld hoe die tipe handel wat jy genoem het in VRAAG 10.2.2 (a) die vervaardigers in ontwikkelende lande bevoordeel.

6.2.3 ***Verwys na figuur C wat 'n voorbeeld van alternatiewe tegnologie aandui.***

(a) Waarvoor word die tegnologie in figuur C gebruik?
(b) Noem drie eienskappe van alternatiewe tegnologie.
(c) Definieer die term toepaslike tegnologie.
(d) Verduidelik waarom die ontwikkeling van toepaslike tegnologie belangrik is vir die ontwikkelende lande van die wêreld.

6.2.4 ***Verwys na figuur D wat 'n voorbeeld is van 'n diens wat verband hou met die menslike ontwikkelingsmodel.***

(a) Identifiseer die basiese behoefte aangedui in figuur D.
(b) Noem vyf basiese behoeftes van mense.
(c) Wat is die fokus van die menslike ontwikkelingsmodel?
(d) Definieer die term selfonderhoudendheid.
(e) Lys die aspekte van 'n persoon se welstand.